# SKRIF EN KULTUUR

**deur Ds. J.R. Visser**[1]

## 1. INLEIDING

Die moeilike van hierdie lesing, is dat ons die woord *kultuur* nêrens in die Skrif lees nie. Ons moet eers duidelik definieër wat ons onder kultuur verstaan, voordat ons op 'n sinvolle manier iets oor Skrif en kultuur kan sê.

Laat ons eers kyk wat een van die mees gebruikte woordeboeke, die HAT van die woord kultuur sê. Ons kry daar 3 betekenisse wat by ons onderwerp van vandag kan pas. Dit is die volgende:

"1(a) Die ganse geestelike besitting van 'n volk of ander groep(ering) op elke terrein, geesteslewe, beskawingstoestand.

(b) Beskawing

3 (w.g ) Ontginning"

As ons na hierdie betekenisse kyk, is dit duidelik dat dit hier om 'n ontwikkeling gaan. 'n Ontwikkeling wat tot 'n sekere resultaat kan lei, tot dit wat mense *beskawing* noem. As 'n mens van beskawing gaan praat moet ons die belangrike vraag gaan beantwoord: Wat is beskawing? Is beskawing iets op homself? Staan beskawing los van die lewe met die HERE? Is die een beskawing op homself van meer waarde as die ander beskawing? Is beskawing die besitting van 'n sekere deel van die wêreldbevolking of van 'n sekere volk?

Dit is almal belangrike vrae maar nie die vrae waarmee ons moet begin nie. Dit is duidelik dat in die woord kultuur, ook die betekenis van bewerk, ontgin, 'n plek het. 'n Resultaat, 'n sekere kultuur bestaan nie sonder 'n geskiedenis nie. 'n Kultuur wat ontstaan, is dikwels die resultaat van honderde of duisende jare. 'n Kultuur is ook nie staties nie maar is in beweging.

## 2. SKRIFGEDEELTES

Die eerste vraag wat ons moet beantwoord is of die HERE vir ons in Sy Woord die opdrag gee om te ontwikkel, om te ontgin, om te bewerk. Hierby is baie belangrike tekste: Genesis 1:26-28; 2:15 en 9:1. Dit is nodig om mooi na hierdie tekste te kyk.

### 2.1. Genesis 1:26-28

> "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape, man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip "

Wat gebeur hier? Ons lees in die eerste deel van Genesis 1 hoe die HERE as die Skepper die aarde al hoe meer tot ontwikkeling bring. Hy maak die onbewoonbare aardbol, wat woes en leeg was, tot 'n deel van Sy skepping waar geleef kan word. Elke dag van die 6 dae waarop die HERE met die aarde besig is, word die aarde meer bewoonbaar. Die sesde dag wys Hy vir ons dat alles nou gereed is om die kroon van Sy skepping op die aarde 'n plek te gee. Die HERE het alles so gemaak dat die mens as die kroon van Sy

[1] Lesing gegee by die *Esra Instituut* se Verbondseminaar in 2000, onder die tema "Christus en Kultuur".
**Ds. J.R. Visser** was tydens die gee van die lesing predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk, te Pretoria-Maranata. Hy was ook hoofdosent en Ou Testament dosent van die Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ds. Visser is tans predikant in Dronten, Nederland.

skepping voluit op die aarde kan lewe Die mens is die kroon van die skepping want hy is die enigste wat volgens God se beeld en gelykenis gemaak is. Ons sê te min as ons die mens net die kroon van Sy skepping noem Hy is as kroon van die skepping, *beeld van God* Die beeld van God wees, is nie staties nie, dit is nie een of ander standbeeld nie. Die mens moet juis as beeld van God 'n sekere taak op aarde vervul. Hy moet juis as beeld van God aan die werk spring om daarin die beeld van die Skepper vir die skepping te wys. Dit is wat ons in Genesis 1:26 lees.

Wie na die Ou-Vertaling van hierdie vers kyk vind daar 'n baie letterlike vertaling. Dit lyk daar asof die skepping volgens God se beeld en die regeer van die aarde los van mekaar staan. Hierdie twee sake word met die woordjie en aan mekaar verbind Die woord wat hier in die Hebreeus gebruik word, die woord *we* beteken dikwels en, maar het ook nog baie ander betekenisse. Hierdie woord kan byvoorbeeld ook met *maar* of met 'n dubbelpunt vertaal word.

Die verband waarin hierdie woord gebruik word bepaal die betekenis daarvan. Die enige manier waarop die mens oor die aarde kan regeer is dat hy bo die res van die skepping uitstyg, dat hy van die HERE die bekwaamheid en bevoegdheid ontvang om oor die aarde en alles wat daarin en daarop is te kan heers. Dit het die mens in die beeld van God wees ontvang.

Wanneer die mens as beeld van God geskep word, ontvang hy dadelik die opdrag om in diens van Sy Skepper oor die aarde te regeer en daarin te wys hoe die HERE is. Die aktiewe mens wat volgens sy opdrag aan die werk spring, leef as beeld van God

Ons lees in vers 28 dat God die mens *geseën* het. Na die seën volg weer die opdrag om oor die skepping op aarde te regeer. God se seën en die salf van sekere mense in die Bybel het alles met mekaar te doen. As iemand gesalf word beteken dit dat die HERE 'n bepaalde mens aanwys om 'n sekere taak in Sy koninkryk te doen. 'n Salwing is meer as net die aanwys, jy moet dit vir My doen, Ek stel jou aan. Die salwing wys ook dat die HERE die mens wat Hy aanwys ook die gawes, die bekwaamheid belowe waardeur hy sy taak kan doen.

Dit wat ons in vers 26 lees, is dit wat die HERE voor die skepping van die mens gesê het. Dit is die oorleg wat in God as die Drie-enige plaasgevind het. Ons lees in vers 27 die resultaat van hierdie oorleg. As die mens dan lewendig op die aarde en voor God staan, seën die HERE die mens. Hy wys die mens as Sy beeld aan met die opdrag wat daarby behoort. Dit maak die mens nie bang nie, want hy ontvang deur God se seën die bekwaamheid om hierdie taak volledig te kan uitvoer.

Die kort bespreking van Genesis 1:26-28 het vir ons opgelewer dat die mens as beeld van God 'n aktiewe, werksame mens behoort te wees. Hy is geroep om in diens van Sy Skepper en Koning oor alles op die aarde te regeer. Sy roeping is om God se onderkoning op aarde te wees.

'n Vraag wat by ons tema van vandag pas en wat nou gevra moet word, is: Hoe moet die mens oor die aarde regeer? Wat is die doel daarvan? Is die doel dat alles so moet bly soos dit op die eerste dag van sy bestaan deur hom aangetref word. Moet hy alles laat soos dit dan is? Moet hy net bewaar of is hy tot meer geroep? Hier is Genesis 2:15 baie belangrik vir ons.

**2.2. Genesis 2:15**

> "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak."

Ons lees hier met ander woorde wat die taak is wat die HERE vir die mens gegee het. Die mens het 'n plek in die tuin van Eden gekry om dit te bewerk en te bewaar. Ek vervang in my eie vertaling die woord bewaak met bewaar Die rede daarvoor is dat die Hebreeuse woord *smr* wat hier gebruik word, sowel bewaak as bewaar kan beteken. Enkele voorbeelde waar hierdie woord in die Bybel die betekenis van bewaar, behou het, is: Gen. 37:11, 41:35; Ex.22:6, 1 Sam. 9:24. Ek kies hier vir die betekenis bewaar

omdat toe die mens as kroon van God se skepping gemaak is, nog geen gevaar vir die skepping bestaan het nie. Die val van die engele in die hemel het toe nog nie plaasgevind nie. Ons kom nog op hierdie woord bewaar terug nadat ons na die woord bewerk gekyk het.

Die eerste wat die HERE Sy kind opdra is dat hy die aarde begin bewerk. Die mens moet die situasie nie net so laat as dit is nie. Hy moet die plek wat die HERE vir hom gegee het bewerk. Om hierdie woord in sy volle betekenis te verstaan moet ons na die situasie kyk waarin die eerste mens geleef het. Die omstandighede was so dat die mens dadelik kon lewe van dit wat God op die aarde gegee het. Daar was vir hom genoeg voedsel. Ons lees dit in Gen. 1.29: "Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees." Die mens kan dadelik eet. Nogtans behoort by die opdrag om te bewerk, ook dat die mens begin om vir homself landbouprodukte te verbou. Landbouprodukte bestaan nog nie op die oomblik dat die HERE die mens geskep het nie. Ons lees dit in Gen. 2:5: "daar was nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie, want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie."

Dit gaan hier om gewasse wat in die veld groei. Die veld is 'n akker wat bewerk moet word. Hierdie gewasse moet geplant word, hulle het reën nodig en 'n mens wat die saad plant. Dit maak al duidelik dat hierdie gewasse al op aarde bestaan het maar nie op 'n akker nie. Die mens moet die saad uit die aanwesige gewasse begin kry en daarmee 'n akker te bebou. Die mens is dus nie alleen geroep om die paradys net in dieselfde toestand te laat bly nie. Hy is geroep om ook vir homself landbouprodukte te verbou. Die groot vraag in verband met ons onderwerp is nou of die mens net geroep is om vir sy voedsel te werk. Moet die mens net werk om te eet, om te kan bly lewe? Dit is verseker nie so nie! Die bewerk in Genesis 2:15 het 'n baie breër betekenis as die bewerk van die akker om vir voedsel te sorg. Die HERE het vir die mens die aarde gegee om daaroor te heers en dit te bewerk. Ons mag die bewerk en die heers nie van mekaar losmaak nie. Die mens se roeping is om die aarde met al die moontlikhede wat die HERE daarin gelê het te ontgin. Die HERE roep die mens om op 'n ontdekkingstog te gaan en te ontdek wat die moontlikhede is wat Hy in die aarde gelê het

As die mens so sy roeping verstaan, is die woord bewaar weer baie belangrik. Die ontginning van die moontlikhede wat die HERE in Sy skepping gelê het, mag Sy skepping nie aantas nie. Dit mag nie 'n bedreiging en besoedeling van Sy heerlike skepping wees nie. Die ontginning en daardeur die ontwikkeling van die aarde moet juis die heerlike beeld van Sy skepping heerliker maak. Ook so moet die mens as God se onderkoning beeld van God wees. Die mens moet die skepping bewerk en so ontstaan kultuur. Kultuur is die resultaat van die bewerking van moontlikhede wat in die skepping en in die skepsels lê.

## 3. GELD DIE KULTUUROPDRAG OOK NA DIE SONDEVAL?

Die HERE verander nie Sy gebooie, nie Sy wil omdat die mens ongehoorsaam aan Hom geword het nie. Hy bly trou aan Homself. Hy is trou aan Homself, Hy is die waarheid. Die mens se ontrou laat God nie verander nie. Dit geld ook van die lewensroeping wat die HERE vir die mens gegee het. Ons sien dit baie duidelik na die sondvloed. Die ongehoorsaamheid van die mens wat by die sondeval begin het, het tot groot hoogtes gereik en het die mens baie diep laat val. Dit het so erg geword dat ons in Genesis 6 lees: "Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart" (vers 5,6).

Die HERE se reaksie op hierdie toestand is dat Hy die sondvloed as straf aankondig. Miljoene mense verdrink in die water van God se oordeel. Dit is net Noag met sy gesin wat deur die water gered word Die HERE maak 'n nuwe begin. Hy begin in 'n sekere sin met 'n nuwe mensheid. Nog steeds 'n mensheid wat die gevolge van die sonde in hulleself het, wat in sonde ontvang en gebore word. Dit is opvallend dat die HERE juis by

die begin van 'n nuwe periode in die wêreldgeskiedenis weer die opdrag van die begin herhaal. Ons lees dit in Genesis 9:1,2: "Wees vrugbaar en vul die aarde Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel, alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee"

Die HERE herinner baie duidelik aan Sy opdrag vir die mens in die paradys. Hierdie opdrag is nog steeds geldig. Ons is nog steeds geroep om die aarde in diens van God te bewerk, te ontgin. Ons is tot kultuurwerk geroep. Ons is daartoe geroep as konings in diens van God as ons koning. Ons is geroep om ook na sondeval en sondvloed tot diens aan Sy Koninkryk te dien

# 4. HOE BREED IS DIE KULTUUR?

Wat is nou eintlik kultuur? As ons van *kultuuropdrag,* van God se roeping om die wêreld te ontgin praat, dink ons baie keer aan groot dinge. Die woord kultuur klink baie keer ook 'n bietjie elitêr. Is kultuur net literatuur, toneel, sang, argitektuur ens? As ons van kultuuropdrag vanuit die begin van die Bybel praat is dit duidelik dat ons die woord kultuur nie tot dit wat ek net genoem het mag beperk nie.

Die kultuurtaak het ook alles met die grou in die grond te doen. Die boer wat sy grond bewerk is met kultuurwerk besig. Die huisvrou wat die doeke van haar baba verwissel is met kultuurwerk besig, die man of vrou wat toilette skoonmaak en skoonhou verrig kultuurwerk. Kultuur is alles waarby 'n mens besig is om God se skepping te bewerk. Van die mees eenvoudige tot dit wat ons die groot wêreldwonders noem. Die kultuurtaak omvat dus ons hele lewe.

# 5. DIE NORM VIR KULTUUR

Na die sondeval het ons 'n probleem. Baie mense bewerk die aarde, ontgin die moontlikhede wat die aarde gee maar doen dit nie in gehoorsaamheid aan en in liefde vir die HERE nie. Nogtans kom baie ongelowiges tot groot kultuurdade. Ons sien dat al in Genesis 4. Dit is juis manne uit die geslag van Kain wat belangrike ontdekkings doen wat vir die ontwikkeling van die mensheid van groot belang is. Ons lees naamlik in vers 21-23:

> "En Ada het Jabal gebaar Hy was die vader van die tentbewoners en die veeboere. Die naam van sy broer was Jubal Hy was die vader van almal wat op siters en fluite speel. En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal-Kain, 'n smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het."

**5.1. Ongelowige kultuurprodukte**

Hier moet ons oor twee woorde praat. Die eerste is dat ons moet sê dat ons hier werklik te doen het met ontginning van die moontlikhede wat die HERE in die skepping gelê het. Ons mag dit nie net veroordeel omdat ongelowiges dit ontdek en ontwikkel het nie. Die HERE se volk maak later van al die ontdekkings ook self gebruik. Israel gebruik tente as hulle 40 jaar deur die woestyn trek. Die volk speel op siters en fluite Hierdie instrumente word selfs by die verering van die HERE gebruik. Ons lees in Psalm 150 selfs die oproep: "loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter, loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit; loof Hom met helder simbale, loof Hom met klinkende simbale." Israel maak later ook gebruik van die tegniek wat deur Tubal-Kain ontdek is om koper en yster te kan bewerk. Hier sien ons duidelik dat dit verkeerd is om ons in 'n doperse isolasie terug te trek en die wêreld en dit wat daar gebeur net te verdoem. 'n Ontdekking is nie verkeerd omdat ongelowiges dit ontdek en ontwikkel het nie. Die Gees wys dit vir ons ook in 1 Tim 4:4,5: "Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie, want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed." Nie wie iets ontdek of ontwikkel het is beslissend nie maar hoe dit gebruik word en of die gebruik volgens die norm van die HERE se Woord reg is. Wie homself uit die wêreld terugtrek en hiervoor nie oopstaan nie, versaak die taak wat die HERE vir hom gegee het.

**5.2. Egte kultuur**

Ons het nou by die tweede gekom wat ons by ons kultuurbeskouing nooit mag vergeet nie. As ons nou na die situasie van Genesis 4 terugkeer, watter deel van die mensheid was die meeste aan die HERE se opdrag gehoorsaam? Watter deel van die mensheid het die meeste aan die kultuuropdrag voldoen? Dit lyk asof die gedeelte van die mensheid wat die HERE verwerp het baie verder in die beskawing, in die kultuur gevorder het as die gelowiges Dit is dit wat mense sien. Die uiterlike mag ons ook hier nie bedrieg nie.

Die kultuurwerk, die bewerking van die skepping wat vir die HERE die meeste werd is, is dit, hoe eenvoudig ook, wat in liefde en gehoorsaamheid aan Hom gedoen word. Die egte kultuur wat in die HERE se oë goed is, is die goeie werke waartoe ons geroep is. Ek roep nou in herinnering wat ons oor goeie werke in die Heidelbergse Kategismus bely. Ons bely in vraag en antwoord 91:

> "Wat is goeie werke? Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof volgens die wet van God tot Sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie."

Kultuur wat in die HERE se oë goed is, is dit wat in die geloof, vanuit die opregte gebed in ooreenstemming met Sy wil gedoen word. By hierdie punt is ook belangrik wat ons in 1 Sam 15:22 en Hosea 6:6 lees: 1 Sam 15:22: "Kyk, om gehoorsaam te wees, is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme." Hosea *6:6:* "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers."

Die werk, die bewerking van God se skepping wat vanuit die liefde van Christus gedoen word, is vir die HERE die kultuur na Sy hart. Dit is die bewerking van die skepping wat God se volk vanuit die aanbidding van die Drie-enige God doen Hulle doen dit vanuit die gesamentlike aanroeping van Sy Naam (Sien Gen. 4:26). Die gevolgtrekking is dat by al ons werk God se Woord die norm vir egte kultuur is. Dit mag ons nie daartoe bring dat ons ons uit die wêreld terugtrek nie.

As dit moontlik is, behoort ons aan die voorpunt te staan om te ontdek, te ontwikkel en dit in diens van Christus en Sy Koninkryk te doen. Dit wat ongelowiges ontdek is ook nie waardeloos nie. Dit wat waarlik ontwikkeling van God se skepping is, laat God nie verlore gaan nie. Ek is daarvan oortuig dat die Heilige Gees dit in Openbaring 21:24 aanwys, as ons daar van die Nuwe Jerusalem lees:

> "en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin."

Alles wat werklik ontplooiing van die HERE se skepping is, word in die nuwe Jerusalem aan die voete van God en die Lam gelê. Dit is in Christus geheilig om daar 'n plek te hê. Die HERE laat dit wat onder Sy voorsienigheid die heerlikheid van Sy skepping nog meer wys, nie verlore gaan nie. Dit kry dan 'n plek in die volmaakte kultuur op die nuwe aarde. Die goeie aarde het dan ook op die terrein van die kultuur tot die volmaakte aarde geword

Hoe dit sal wees gaan ons voorstellingsvermoë te bowe. Ons moet nie probeer om vanuit ons ervaring vandag daarvan 'n prentjie te maak nie. Dit moet ons wel daartoe stimuleer om in Christus se diens te werk, want dan het ons werk deur Sy werk ewigheidswaarde.

## 6. WAAR Lê DIE EENHEID VAN DIE KULTUUR?

Ons praat maklik van beskawing. Dikwels bedoel ons dan die Westerse beskawing. Beskawing en kultuur in die Bybelse sin van die woord mag ons nooit gelyk stel nie. Dit is daarom jammer dat ons onder in die Voortrekkermonument by die vlam wat bly brand, lees dat ons Afrikaanse voorouers die lig van die beskawing na ons land gebring het.

Die woord beskawing is 'n neutrale woord en 'n woord wat juis baie in die filosofie van die Verligting gebruik is. Beskawing in die algemeen is nie dieselfde as egte kultuur nie. Egte kultuur kan nie sonder Christus en sonder die heiliging deur Sy offer nie. Die manier waarop volke lewe ken groot verskille. Ons praat dan van verskillende kulture Tussen volke mag verskille bestaan. Elke verskil is nie 'n saak van gehoorsaamheid of

ongehoorsaamheid aan die Christus nie

Die eenheid van die geloof vra ook nie om een kultuur en taal op aarde nie. Die Jood mag 'n Jood bly, die Griek mag 'n Griek bly. As Paulus die wêreld rondgaan om in diens van Christus die kerk te vergader, skryf hy oor hierdie verskeidenheid en eenheid van Christus se kerk 'n paar opvallende dinge. Paulus is by sy werk as evangelieverkondiger nie 'n persoon wat sy Jood wees beklemtoon nie. Hy pas hom by die volk waaronder hy die evangelie verkondig, sover as dit moontlik is, aan. Die grens van die moontlike lê in die norm van die evangelie. En dan skryf hy in 1 Kor. 9:

> "Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win, vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet – al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus – om die wat sonder wet is te win". (19-21)

Paulus pas hom by elke volk opnuut aan om geen struikelblok vir mense te wees om tot Christus, tot Sy kerk te kom nie. Hy sê dit in 1 Kor. 10:32,33 so:

"Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie, net soos ek almal in alles behaag en nie my eie voordeel soek nie, maar die van baie, sodat hulle gered kan word."

Elke volk, elke nasie mag in sy eie taal, met sy eie kulturele agtergrond, met liefde vir sy volksgenote die Here aanbid. Hoe goed is dit om juis so in liefde jou volksgenote te soek om vir hulle te leer om Christus te ken en te aanbid. Nogtans mag dit nooit ten koste van die eenheid van God se volk uit alle volke gaan nie. Jy en ek behoort deur die Gees se werk, deur die glo in en volg van Christus, inniger met swart broers in Christus verenig te wees as met my ongelowige mede-Afrikaners. Tussen my swart en bruin broer in Christus bestaan 'n inniger Kulturele (hier met opset kulturele met 'n hoofletter) band as met my ongelowige Afrikaner oor wie my hart huil en wat ek so graag na die gehoorsaamheid aan Christus wil terugbring. Hulle wat in die eenheid van die geloof lewe behoort regtig bymekaar:

"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge." 1 Kor. 12: 13

Ons is dus geroep om in elke kultuur volgens God se Woord ons kultuuropdrag te volbring. Die kultuur waarin ons lewe mag nooit die werk aan hierdie kultuuropdrag belemmer of vertraag nie. Die kultuur volgens God se opdrag is nooit die besitting van een volk nie maar God se opdrag vir alle volke. Dit bly ons onvolmaakte werk wat eendag deur Christus geheilig aan God se voete gelê word, tot grootmaking van Sy Naam. Die Gees roep ons op om ons opdrag met vreugde en vol van Hom op hierdie onvolmaakte wêreld uit te voer.

Ek wil eindig met die aansporing wat ons in 1 Kor. 15:58 lees, om ons kultuurwerk te doen:

> "Daarom my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid nie tevergeefs is nie"